430. E3. 20.1

# WIE EN WAT IS "DIE AFRIKANER"

Die geskiedkundige, Herman Giliomee, het 'n omvattende en deurtastende analise gemaak van "Die Afrikaners"; dit is ook die titel van sy boek. 'n Tema wat van die begin af in hierdie 600 bladsye boek soos 'n goue draad loop is die verhouding "wit wees" en Afrikaner. Hierdie verhouding het in 1948 politieke beslag gekry met die oorwinning van die Nasionaly Party.

Die skeiding's of Apartheidsmaatreëls wat van 1948 tot om en by 1984 beslag gekry het, was amper sonder uitsondering gemik om "wittes" te onderskei van "nie-wittes". Binne hierdie "wit" konteks het die begrip Afrikaner sy sterkste ideologiese inhoud gekry. Die noue samewerking tussen party (die NP), die kerk (die Afrikaanse kerke) en kultuur instellings soos die Broederbond, Rapportryers, ASB, Ruiterwag ens. het die begrip Afrikaner kort gekoppel aan die besit en beheer van politieke mag. Enige iemand wat hierdie definisie van Afrikaner bevraagteken het, is uitgekryt as "verraaier", "volksvreemde", "hensopper", "oorloper" ens.

Vanaf die middel tagtigerjare, het hierdie selfbegrip onder aanslag gekom binne "Afrikaner" instellings self: in die

Nasionale Party die verdeling tussen "verlig" en "verkramp", op Universiteite die afvalligheid van die ASB; in die kerke die debat rondom Christen-wees en Wit-wees. Toe F W de Klerk sy beroemde toespraak op 2 Februarie gemaak het, was Afrikaner solidariteit en identiteit alreeds op 'n laagtepunt.

Toe die Nasionale Party mag verloor het, het Afrikaners hulle gemeenskaplike identiteit verloor. 'n Oorsigtelike kyk na die huidige stand van die kerke, die broederbond en historiese Afrikaanssprekende Universiteite bevestig dit. Die Nasionale Party bestaan nie meer nie; dit het sigself vernietig en opgegaan in die ANC.

Daar bestaan op die oomblik geen eenstemmingheid oor die identiteitsinhoud van die begrip Afrikaner nie. Daar is weliswaar pogings om die begrip inhoud te gee in die "nuwe Suid-Afrika", op politieke front die Vryheidsfront, Orania, Praag ens. maar daar is meer mense wat "tradisioneel Afrikaners was", wat van hierdie pogings verskil as wat dit ondersteun. 'n Nuwe ontwikkeling is om nou die taal Afrikaans in breër verband te sien en te praat van 'n "Afrikaanse Taalgemeenskap "waar rasse-identiteit heeltemal ondergeskik is. Ek glo die voorbestaan van Afrikaner sal grootliks afhanklik wees van die sukses van so 'n poging. Maar hef aan lê voor.

Wie en wat is die Afrikaner vandag? Gaan vra die oor 60 jariges wat aan die stuur gestaan het van die Party, die kerke en die kultuur miskien sal hulle nog onthou.

DR F VAN ZYL SLABBERT

JUNE 2006